## Wanfunksionerende universiteite verloën Madiba se nalatenskap

**Chris Jones***

Suid-Afrika vier op 18 Julie saam met die res van die wêreld die voormalige staatspresident, wyle Nelson Mandela, se verjaardag. Dié dag is in 2009 as Internasionale Nelson Mandeladag verklaar. Deur hierdie dag te gedenk, word ons aan ons individuele mag herinner om ons stempel op die samelewing af te druk en die wêreld rondom ons te verander.

Een van die Nelson Mandeladag-doelwitte vir 2019–2029 is opvoeding en geletterdheid. Soos ons weet, fokus van sy bekendste aanhalings juis op opvoeding en onderwys, want volgens hom is dit "die magtigste wapen wat jy kan gebruik om die wêreld te verander".

Aangesien Madiba se bydrae tot die onderwys een van sy grootste erflatings was, moet ons ons opvoedkundige inrigtings omarm en waardeer. Al is skole baie belangrik – en baie is reeds daaroor geskryf, insluitende die wanfunksionerende skole – fokus hierdie artikel op universiteite.

Ek het onlangs prof Jonathan Jansen se nuutste boek, *Corrupted: A study of chronic dysfunction in South African universities*, gelees. Hierin ontleed hy die aard van universiteite en ondersoek hy hoe korrupsie by akademiese inrigtings kan insluip.

Ek bly aan Mandela en sommige van sy tydsgenote en voorgangers dink, en wonder wat hulle reaksie op die situasie by sommige van ons universiteite – waar mededinging om hulpbronne roekeloos en soms selfs dodelik kan raak – sou gewees het.

Voordat ek hierop uitbrei, moet ek erken dat ons wel uitnemende en goedfunksionerende universiteite het wat internasionaal hoog geag word. Net soos skole en ander tersiêre opleidingsinrigtings, is hulle so belangrik vir ons land se vooruitgang. Dit is egter hartseer dat hulle ook plekke is waar jongmense se hoop en drome deur korrupte universiteitsbeamptes en misdadigers gesteel word. Ons moet hierdie kaping van ons hoëronderwysinrigtings heftig teenstaan.

### Gebrek aan kapasiteit

Sedert demokrasie in 1994 in Suid-Afrika aangebreek het, was daar reeds 20 regeringsingrypings by universiteite wat deur oorsigbestuur- en bestuursmislukkings geteister is.

Daar het reeds ten minste drie betekenisvolle boek-lengte publikasies en drie beoordelings van assessorverslae oor hierdie kwessie verskyn. Maar volgens Jansen is dit nog nie genoeg om die diep, chroniese wanfunksionering by universiteite te verstaan nie. Vandaar sy boek.

In sy goeie optekening van hoe en waarom so baie Suid-Afrikaanse universiteite hulle akademiese doelstelling verloor het, redeneer Jansen dat die gebrek aan kapasiteit – met ander woorde ŉ universiteit se vermoë om sy kernpligte na te kom – en ŉ stel etiese waardes – waarvan integriteit waarskynlik een van die belangrikstes is – ŉ beslissende rol in die verskyning van wanfunksionerende en korrupte instellings soos universiteite speel.

Die akademiese projek van ŉ universiteit moet op etiese waardes berus en diep gewortel wees daarin. Wanfunksionerende en korrupte universiteite het knaend ŉ gebrek aan institusionele integriteit, eerlikheid en deursigtigheid.

Verder is korrupsie dikwels op ’n politieke ekonomiese raamwerk gegrond – waar “mag en hulpbronne skadelik ineengevleg is” – en volgens Jansen is dit een van die belangrikste spelers in ’n wanfunksionerende universiteit.

’n Wanfunksionerende universiteit kan as chronies onstabiel beskryf word indien gereelde protesoptogte (wat eiendom gewelddadig beskerm) plaasvind wat tot die sluiting van die kampus lei. Daar is dus siklusse van ontwrigting. Dit hou direkte gevolge vir só ’n universiteit se reputasie en geloofwaardigheid in, veral wat betref die toekenning van kwalifikasies.

**Mikropolitiek**

Mikropolitiek binne universiteite gee ook stukrag aan wanfunksionering – veral die alledaagse gebruik van mag by universiteite (op verskillende vlakke) om sekere doelwitte te bereik.

Hierdie mikropolitiek by universiteite gaan dikwels hand-aan-hand met die makropolitiek van die groter samelewing en die land. Makropolitiek (van die land) kan ’n groot invloed op die gedrag binne instellings soos universiteite hê. Die deursnit van mikro- en makropolitiek bied die beste verduideliking vir chroniese wankfunksionering by sommige van hierdie instellings.

Dan is daar ook die maatskaplike en ekonomiese kontekste wat ’n belangrike rol in die lewe van studente/personeel/werknemers verbonde aan ’n universiteit speel. Wat hierby inskakel, is die klasbelange van die nuwe elite (in post-apartheid Suid-Afrika) wat nie net in die staatsdiens nie, maar ook by universiteite magsposisies bekom het.

As ’n mens dit alles in ag neem, besef jy net hoe belangrik fluitjieblasers by universiteite – hoewel baie gevaarlik – geword het en dat blywende verandering ten opsigte van wanfunksionering en korrupsie binne universiteite noodsaaklik is. Korttermyn-regeringsingryping (waarna vroeër verwys is) is belangrik, maar nie genoeg nie. Dit is nodig dat die spelreëls, die kultuur en die politiek wat wankfunksionering en korrupsie voed, aangespreek en permanent uitgeroei moet word.

Dit is op Mandeladag belangrik om oor nog iets na te dink wat hierdie ikoon gesê het: “Dit is maklik om af te breek en te vernietig. Die helde is diegene wat vrede maak en opbou.”

Ten einde hoë vlakke van uitnemendheid by ons universiteite te bou en te handhaaf, moet ons deurlopend hoër onderwys herskep en herstruktureer, universiteitsrade depolitiseer en akademici, bestuurders en leiers met integriteit en nodige vaardighede en vermoë aanstel om ons universiteite te bestuur sodat ons ons gemeenskappe en die land beter kan dien en ontwikkel.

Want, in Madiba se eie woorde: “Opvoeding is die groot enjin van persoonlike ontwikkeling. Deur opvoeding kan ’n kleinboer se dogter ’n dokter, ’n mynwerker se seun hoof van die myn, plaaswerkers se kind die president van ’n magtige land word.”

**Dr Chris Jones is hoofnavorser by die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie en ook hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.*